

# BOEREVOLK KETTERY

J L du Plessis

Voltaire het gesê: *“Madness is to hold an erroneous perception and argue perfectly from it”*.

Dit is met groot huiwering dat ek hierdie netelige probleem aanspreek. Ek wil so te sê 'n wanhopig pleitdooi lewer. Die wit boerevolk is besig met dwalinge en ek huil want die einde daarvan is in die poel van vuur. Hierdie artikel klink wrokkig en “liefdeloos”, maar ek pleit dat die leser op wie dit toepassing het, sal besef dat dit inderdaad “tough love” is wat in werking is.

Daar bestaan in die RSA hordes groeperinge wat wanpersepsies vashou en verkondig gebaseer op oënskynlik logiese volhoubare argumente en aanhou om hierdie verwronge ongegronde standpunte te verdedig. Jy kan net jou kop in wanhoop skud.

Bykans oral in Suid-Afrika is daar wit groeperinge wat nie skroom om die Torah, die Wet van die Allerhoogste te verkrag en te verdraai nie, en dit nogal in sy Afgesonderde Naam!!

Hulle verkondig die gruwelikste sataniese leerstellinge denkbaar – dat sekere volksgroeperinge nie blootgestel mag word aan die evangelie van die Messias Yahshua nie, omrede hulle kwansuis nie fisies suiwer geneties wit sou wees nie, en dus nie mense is nie – hulle word gereken as diere!

Hulle doen presies dieselfde wat die meeste Bybelvertalers gedoen het, en in die spesiaal Afrikaans vertaalde “Boek van Herinnering” voer hulle eie sieninge en agendas in en verwing bepaalde tekste. Byvoorbeeld: Waar YHWH in Genesis in 1:31 Sy opinie uitspreek:

*“Toe sien Elohim alles wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie **GOED**. En dit was aand en dit was more, die sesde dag”*.

Hierdie mense verander die Skrif om hul eie sieninge en standpunte te propageer en wysig die woordjie “**GOED**” na “**SUIWER**”. Asof Elohim gesien het alles wat Hy geskape het, is “suiwer”. Belaglik!

Maar nie vir hulle nie, want hiermee propageer en bevorder hulle hul eie sataniese haatsprekende leerstellinge dat YHWH slegs suiwer wit mense geskape het. Slegs wittes kan kwansuis “bloos”.

Dit is nie wat YHWH gesê of bevind het nie. Hy het bevind dat dit “**tov**” (**goed**) was. Gaan lees self, dit soos dit in die Hebreeuse taal lees. Dis maar 'n enkele voorbeeld. Die Engelse vertaling van “Book of Remembrance” lees radikaal anders as die Afrikaanse aborsie.

Die Israel-volk self was hoegenaamd nie “suiwer” nie. Hulle was vermeng met die fisiese genetiese saad van talle nasies en volke. Hoeveel Egiptenare en vreemdelinge het nie saam met hulle opgetrek uit Egipte agter Moses aan nie?

Die ganse ou testament is vol van die vermenging van Israel met vreemde volkere. Ja, hulle was ongehoorsaam. Maar was die Israeliete wit en die ander vreemde volke swart?

Moses getroud met ‘n Midianitiese vrou? NEEEEEE!!!! Hulle beweer sy was wit? Snert! Hulle was almal oosterlinge, donkerkleurige mense. Ons voorvader Abraham het uit die land van Iran/Irak afgetrek na Kanaan toe.

Al die nasies en volke het ontstaan uit een bloed. **Handelinge 17:26** bevestig dit: *“En Hy het uit **EEN (1) BLOED (2)** al die **NASIES (3)** van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon ....”*

- (1) Strongs G1520 primêr ‘n numeriese syfer 1(een).
- (2) Strongs G129 ‘bloed’ letterlik mens of dier.
- (3) Strongs G1484 – ethnos – ras, stam, ‘n vreemde (nie-Israeliese) heidense nasies of mense.

Maar hulle beweer dat Kain die resultaat was van ‘n seksuele verbintenis tussen Hasatan en Chavah (Eva) en dat die saad van hasatan deurgekom het en dat anderskleuriges almal die saad van hasatan en Kain is. Dit staan nie in die Skrif nie! As dit werklik so was, sou die profeet Moses beslis duidelik instruksies ontvang het, om hierdie inligting in sy Torah geskifte in te geskryf het.

Blatant maak hulle die Allerhoogste tot leuenaar wat duidelik verklaar dat alle nasies waaruit die mensdom bestaan, uit **EEN BLOED** gemaak is!!! En dan het hulle die vermetelheid om die Afgesonderde Naam van die Allerhoogste te gebruik. Maar hulle translitereer dit sover as moontlik weg van die Hebreeuse/Joodse spelling Yahweh tot **J**ahweh – want sien, hulle is mos totaal anti-Joods ook, net soos Hitler was. Volgens hulle was die Messias Yahshua (**J**ahshua) nie ‘n Jood nie, Hy was ‘n Israeliet. Ek lees egter Hy was ‘n Hebreër, ‘n Israeliet uit die stam van Judah wat Hom inderdaad ‘n opregte suiwer Judahiet (Jood) maak.

Geeneen van hierdie mense wat hulself as genetiese suiwer wit beskou, kan ‘n waarborg lewer dat hulle inderdaad geneties suiwer is nie. Geeneen kan waarborg dat sy voorvaders nie oor die kleurgrens hier in Suid-Afrika rond geloop het nie. Hoeveel du Plessis’s, Swarts, de Bruins, Ferreiras, Bothas, Kemps, Dippenaars, Lotterings, van der Merwes, Smiths, Strijdoms, Jouberts en noem maar enige Afrikaanse van op, word nie aangetref onder ons Bruin mense of selfs Swart mense nie. Nie een van ons Wittes het suiwer bloed nie.

Alle mense op aarde het ‘n gemeenskaplike afkoms, ongeag wat hierdie suiwer wit genetiese fanatici beweer. **Hand. 17:26** is duidelik en die voorafgaande **vers 25** selfs duideliker: *“.....omdat Hy self aan **ALMAL** lewe en asem en alles gee”.*

Hulle verdraai die Skrif so dat hulle omtrent enige Skrif gedeelte manipuleer en verdraai sodat dit hulle persoonlike sieninge en vertolkings weerspieël. So sal hulle **Hand. 17:26** verduidelik as sou die nasies waaruit die mensdom bestaan, slegs suiwer blanke mense beteken en dat anderskleuriges nie deel is van daardie definisie nie. Hoe bisar kan jy raak? Dit net omdat jy jou eie agenda wil bevorder?

En hulle publiseer die mees bisarre boek, "Ontwaak My Volk", ('n Fiktiewe titel van so 'n belaglike publikasie) psigoties, skisofrenies, waansinnig mal, hasatan-beset! Ons wit boerevolk is nou kwansuis die Israel van die Allerhoogste!!

Maar kom ons kyk wat doen hulle wanneer hulle die Allerhoogste se Afgesonderde Naam gebruik om hierdie twak te verkondig.

Die 3de Gebod lui: "*Jy mag die Naam van YAHWEH jou Elohim **nie ydelik gebruik nie/inhoudloos maak nie, want YAHWEH sal die een wat Sy Naam ydelik gebruik/inhoudloos maak, nie ongestraf laat bly nie***".

Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word (shavah), kom voor in Deuteronomium 5:20 ("valse" getuigenis), Eksodus 23:1 ("valse" gerug) en in Job 35:13 ("nietige" klagte) en kan dus ook vertaal word met "vervals" of "tot niet maak" of "om dit in onbruik te laat verval".

Hierdie wit "Israeliete" breek, vertrap, misbruik, vernietig, maak Sy Naam tot niks nie, maak dit 'n bespotting, 'n veragting deurdat hulle in Sy Naam hierdie valse snert predik van hulle kansels af en op voetsool vlak gons dit behoorlik! Hulle gebruik Sy Naam YDELIK want hulle verkondig die twak snert in Sy Naam!!

*"Hulle is nie ons naaste nie, want ons kan hulle nie lief hê nie, want ons mag nie met hulle trou nie"*, redeneer hulle. Dit is die simpele redenasie. Ons mag hulle nie lief hê nie, want ons mag nie met hulle trou nie. Hulle is nie-mense/diere van kwansuise onsuivere genetiese afkoms, die saad van hasatan.

Vra ek vir 'n "boerevolk" oupa die ander dag, "Het jy jou kleindogter lief?". "Ja natuurlik", antwoord hy.

Sê ek: "Maar hoekom? Jy mag mos nie met haar trou nie!!"

Om "lief te hê" beteken vir hierdie mense, en is vir hulle, sinoniem met "om te trou". Kan jy die onsinige redenasie verstaan? Verblind deur Hasatan die misleier! En hulle glo dit.

Mag ek nie 'n swartman lief hê, soveel so dat ek my lewe vir hom sal gee nie? Het Yahshua nie vir ons gesê dat ons ons "vyande" moet lief hê nie, as hulle dan nou as ons "vyande" geag sou word?

En as ons nou hierdie verwronge psigotiese standpunt huldig dat sekere mense-groepe wel diere is, dan vind ons in die Torah dat die Allerhoogste deur Sy Ruach duidelik verklaar dat 'n regverdige (Tzadik) mens omgee vir sy diere, na hulle omsien en hulle versorg, fisies sowel as psigies. Die regverdige is vol guns

teenoor sy diere, (Strongs H3045) maar die slegte mens is wreed en moor en verniel en en beplan doodslag en verwoesting en voel niks nie.

Ek gaan oor hierdie mense profeteer. Ek is nie 'n profeet nie, maar ek mag as volg oor hulle profeteer: **“YAHWEH sal julle straf, tensy julle julle bekeer!!”**

En die allerverskriklikste gruwel wat hulle pleeg is om die **REGTER** se rol vir hulself op te eis en self op die **REGTERSTOEL** te gaan sit om oordeel te spreek oor wie die saligheid mag verkry en wie nie. Die Jode en die swartes en gekleurdes, Indiërs, Chinese, ens. het nie 'n kat se kans op redding nie, dit is 'n onmoontlikheid, sê hulle, al wil hulle hoe graag die Messias Yahshua aangryp en Hom dien en liefhê!!! *“Sorry, boys, julle kan nie”*, is hulle verdoemende uitspraak.

Hulle maak die Skepper Verlosser magteloos, pateties want Hy mag nie/kan nie red wie Hy wil nie. Skryf aan Hom voor wie Hy mag red en verlos. Dis SIEK!! Dis Hasatan die verleier wat hulle so verblind. Mense wat nie insig in die Skrif het nie, probeer die Skrif uitlê om hulle politieke agendas te dryf.

**“Dis 'n ONMOONTLIKHEID, dat swartes of gekleurdes gered kan word, want die Vader kan nie teen Sy eie Woord gaan nie”**, het een so 'n suiwer wit boere Israeliet teenoor my beweert. Want die boerevolk is kwansuis die uitverkore Israel van die Vader.

Hy ontken die soewereiniteit en die Almag van die Almagtige wat spreek: “Kyk, Ek is **YHWH**, die Elohim, (die God) van alle vlees; sou enige ding vir My te wonderbaar wees? **Jer. 32:27**

En ook o.a. **Num 27:16** “Laat **YHWH**, die God van die geeste van alle vlees, 'n man oor die vergadering aanstel”.

Hulle doen presies dieselfde as wat Lucifer gedoen het. Hy het in opstand gekom en gerebelleer, hy het gesê hy sal opvaar en sal sit waar die Allerhoogste sit. Dit is presies wat hierdie wit boere volk doen, hulle vaar op en sit hulself neer op die **REGTERSTOEL**. Dit is 'n gruwel! Dit is skrikwekkend. Mens kan nie dink dat die Vader toelaat dat mense so 'n gruwelike pleeg nie.

**MAAR** die Vader sê ook uitdruklik dat as jy so moedswillig verkeerd wil glo, *“sal Hy hulle die krag van die dwaling stuur, **OM DIE LEUEN TE GLO, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid/Torahloosheid**”*.

Hulle stel hulself in die plek van Yahshua, die Lewende Torah. Hulle oordeel as kwansuise vermeende suiwer genetiese wit boere wie en wat geneties onsuiver is en wie verlore en wie gered gaan word. Wie gee hulle die reg daartoe? Yahshua is die **REGTER**, Hy weet alleen wie volgens Sy eie Torah standarde suiwer Sy Bruid is en wie nie.

Wie is hierdie mense om hulself so aan te stel? Oordeel hulle nie nou die Torah self nie? En ons weet die Lewende Torah is Yahshua die Messias. Oordeel hulle dan nie nou vir Yahshua self nie?

Wat sê **Jak.4:11**? Maar hulle sal waarskynlik terugkap “hulle is nie my broers nie” Dit opsigself is klaar oordeel. Gaan lees daardie skrikwekkende waarskuwing.

Maar hulle bepaal die oordeel nou reeds in hul vleeslike liggame en skryf aan die REGTER voor hoe en wat se oordeel die Allerhoogste moet vel oor sekere anderskleurige menslike groeperinge. Hulle is niks anders as regters van die Torah nie.

Daar is slegs **EEN REGTER** wat mag oordeel en kan vernietig. Hierdie mense vernietig met hul valse leringe! (12) **“Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te vernietig. Maar jy (wit boere Israeliet) wie is jy wat ‘n ander oordeel?”** en dan boonop aan die Skepper wil voorskryf?

As ‘n prediker of ‘n sogenaamde gelowige nie die volle Torah, die Wet van die Allerhoogste hou nie, as hy daarvan wegneem of iets daarby voeg, is hy ‘n valse ketter, dit is die Skrif-norm waaraan ‘n leraar getoets moet word.

Hier het mens ‘n duidelike geval van Torahloosheid. Hulle oortree die 3de Gebod blatant, hulle verhef hulself tot Regter en neem inderdaad die Regterstoel oor soos wat Lucifer nie eens reg gekry het nie en vel ‘n verdoemende helse oordeel oor die siele van mense wat ‘n ander kleur as wit is.

Hierdie anderskleurige mense het seker ook anderskleurige siele! Wat is die kleur van ‘n siele? Wat is die kleur van ‘n gees/ruach?

Kom ek sluit met hierdie Skrifgedeelte Prediker 11:5: **“As you know not what the way is of the spirit (ruach), nor how the bones do grow in the womb of her that is with child: even so you know not the works of Elohim who makes ALL”** (KJV)

Het Hy nie ons almal gemaak nie? Wit, swart, bruin, pienk, geel nie? Is my gees wit en joune swart of syne bruin? Wil jy ‘n raaskoot waag?

Kom ons toets hierdie valse leraars nog verder. Valse leraars hou nie die Torah van die Allerhoogste nie. Hierdie mense is liefdeloos, enkeles weinig, sal die Shabbat onderhou, maar sommige sal selfs hulle voorvelle laat sny net om wetties te kan voldoen aan die Torah, maar misken die Lev. 23 Feeste van YHWH en staan apaties daarteenoor. Die mans laat hulle voovelle besny terwyl hul harte nog totaal onbesnede is. Dit is juis daardie soort van wettisisme, werke van die wet, daardie bepaalde besnydenis van die vlees, sonder die voorafgaande besnedenis van die hart, waarteen YHWH Self in die Torah teen waarsku. Hulle ignoreer die res van die Torah instruksies. Dit is die teken van valse leraars. Hulle neem uit die Torah net dit wat hul polities pas.

Hulle faal en misluk klaaglik wanneer dit kom by die fondasie, die kapstok waaraan die hele Torah en die profete gehang word.

Die kapstok van die ganse Torah is dit: “**Hoor Israel, Die Meester YHWH is ons Elohim, die Meester YHWH is EEN: en jy sal die Meester YHWH liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag** (dit is die eerste Gebod) (Deut.6:4-6) En die 2de Gebod is soortgelyk, naamlik dit: **Jy sal nou naaste liefhê soos jouself**” (Lev.19:18). Hierdie Torah gebooi is vasgevang in die Messias se eie persoonlike woorde in **Markus 12:29-31** en ook: “**En hier aan hang die hele Wet/Torah en die profete**” **Mat.22:40**.

Die res van die Torah (alles) is gegrond, gebou op hierdie fondament, wat die kruks is van ‘n iedere en elke andere Torah instruksie!

Haat, twis, onvergewensgesindheid, **POLITIEK**, rassisme bots met hierdie twee grootste Gebooi van almal. Jakobus gelas ons om afstand te doen van hierdie vuillis wat die vrug is van Hasatan en jaag/soek met sagmoedigheid na die ingeplante Woord/Torah wat julle siele kan red. En word daders van die Woord/Torah en nie net hoorders wat juis bedrieg nie. Los die politiek!

Ek profeteer weereens oor hierdie mense: “**YAHWEH sal julle nie ongestraf laat bly nie, tensy julle juisself bekeer van hierdie sataniese dwaalleer**”.

Maar YHWH is besig om hierdie wit liefdelose, haatsprekende, haatdraende boerevolk Israeliete te straf. Vir jare sit hulle verhoorafwagend in die tronke en wanneer hulle in die howe verskyn, hou hulle pateties en vroom ‘n Bybel tussen hul geboeide hande vas.

Ignoreer heeltemaal die Torah wat lui dat die Allerhoogste, Vader YHWH die EEN is wat konings en regerings daarstel en hulle ook weer onttron. Ignoreer die hernieude testamentiese opdrag wat vloei uit die Torah gesag dat ons moet onderwerp aan die gesag wat oor ons gestel is!! Nie eens Koning Dawid het dit gewaag om sy hand op te tel teenoor Koning Saul wie deur die Allerhoogste in daardie posisie aangestel is nie. Maar hierdie mense plant bomme, beplan moord en verwoesting en wil die regering wat deur die Allerhoogste in Suid Afrika daargestel is, omver werp. Ons, **Torahlose** Suid Afrikaners verdien die regering wat oor ons aangestel is.

Luister mooi. Ek huil vir hierdie mense. Ek is jammer vir hulle. Maar ek haat die hasataniese bose gees wat in hulle is. Ek haat dit wat hulle doen en predik. Ek, die kleinste en geringste van al Yahshua die Messias se getuies, waarsku: “**Bekeer julle en draai terug na die suiwer Woord van die Allerhoogste, wees lief vir YHWH die Elohim van die Bybelse Israel met julle hele hart, hele siel, hele verstand en al jul krag en wees lief vir julle gekleurde naastes soos vir julleself, by versuim waarvan YHWH julle sal straf, en julle die vreeslike ondervinding sal smaak om in die hande te val van die Lewende Elohim, die Skepper van hemel en aarde**”.

Die Torah sê uitdruklik “**Bekeer jou (teshuvah) op My teregwyding. Kyk, Ek sal My Gees (Ruach) op jou uitgiet/uitstort en Ek sal My Woorde/Torah aan**

***jou bekend maak. (Wat meer kan 'n gelowige begeer?) Maar omdat jy weier om jou te bekeer en my teregwysing ignoreer, sal jy vernietig en verwoes word, dit sal soos 'n dwarrelwind oor jou kom, en Ek sal lag wanneer jy vreesbevange rondkyk en wanneer jy dan na My roep, sal ek jou ignoreer".***

Dit is VERSKRIFLIK. Net wanhoop, selfverwyt en selfveragting bly dan oor, en die Tweede Dood, die Poel van Vuur. Hasatan soek julle daar!  
Asseblief! Bekeer julle. Net soos Koning Dawid ervaar ek sy wanhoop en opstandige woede wanneer hy te velde trek teen diegene wat die Torah van die Allerhoogste oortree en minag en verdraai.